

## Untitled Document

Boomstraat beteken vir vandag se Pretorianers toetende taxies, mensemassas en die ingang na die die

In die laat 1800's was dit die name van rustige kleinhoewes met groot ou opstalle langs Boomstraat

In Rosa Swanepoel se Ou Pretoria nuusbrief haal sy 'n praatjie aan wat in 1980 deur Stephanie R

Stephanie het gesê dat daar agt huise in 'n ry tussen Mark- en Kochstraat, vandag bekend as Pau



Donaldson en Hill se 'nuwe' kaart van Pretoria, soos hy in Rosa Swanepoel se Ou Pretoria nuusbr

## Geboorte-huis

Stephanie se Victoriaanse geboorte-huis is in 1897 op erf nommer 840, 191 Boomstraat, gebou.

Volgens Rosa se navorsing wys ou Pretoria se 1899 evaluasie-rolle dat daar 'n DJ de Kock gewo

In 1931 is die huis deur die Jong Sjinese Kulturele vereniging en die Sjinese gemeenskap van Pretoria gekoop.

Die Pretoria Sjinese skool is amptelik in 1934 geopen en was op daardie perseel tot die 1990's. In 1994 is die skool gesluit.

Stephanie het vertel dat haar ouma De Kock, wat eers in dié huis gebly het, 'n ouer suster van Tielman se vrou was.



Dié Frans Oerder skildery is in 1902 gedoen en wys die tuine van Sanssouci in die voorgrond en Eikenhof in die agtergrond.

Uit Rosa Swanepoel se Ou Pretoria nuusbrief

### Tielman

Tielman se grond is op 'n 1889 kaart van Pretoria tussen Schubart- en Kockstraat. Tien jaar later is die straat vernoem na hom.

Tielman was oorspronklik van die Groot-Drakenstein distrik naby die Paarl. Hy het as 'n transportryk vir die Britse leër gedien.

Van toe af was daar geen keer aan Tielman se meteoriese opgang in die gemeenskap nie. Hy het tot die einde van sy lewe in die gemeenskap gewoon.

Tielman was in 1885 'n stigterslid van die Pretoria-klub, 'n stigter van die eerste Pretoriase landbou-

In 1889 het hy vergunning gekry om versiersels van die orde van die "Militaire Portuguesa de Nos-

Tielman het vyf dogters en drie seuns gehad. Die seuns is René, Désiré en Amauri genoem. Van o-



Tielman Nieuwoudt de

– 18 April 1925



Désiré de Villiers het op 18-jarige ouderdom in die Tweede Vryheidsoorlog gesneuwel

### Desiré

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het Désiré as jong student in die regte sy studies op Stellenbosch laat vaar om by die Boerekrygers aan te sluit.

Generaal Ben Bouwer, wat geskryf het oor lafhartigheid op die slagveld, het genoem dat hy die braafste jong man in die persoon van Désiré ontmoet het. Dit was vir hom as generaal 'n verrassing dat dié stil, senuweeagtige en teruggetrokke seun so op die front uitgeblink het.

Hy wou aanvanklik vir Désiré 'n non-vegtende pos skep wat hom uit veldslae sou hou, maar Désiré het geweier. Hy was altyd aan die voorpunt van die vegtery, tot hy by die Tugela, naby Ladysmith, onder omstandighede van uitsonderlike heldhaftigheid gesneuwel het.

Désiré is in die ouderdom van 18 jaar op 11 Desember 1899 dood. Hy is aanvanklik in Natal begrawe waar hy gesneuwel het. Sy pa, Tielman, het Désiré se oorskot later in Pretoria se Kerkstraat-begraafplaas laat herbegrawe en het 'n standbeeld van wit Carrara marmer in Italië laat maak. Dit beeld 'n gewonde Boerekryger uit met sy geweer in die hand en bandolier oor die skouer.



Só het die ou De Kock-woning, wat die Sjinese skool geword het, in 1986 gelyk



Die De Kock-woning in 2010, naby die Bella Ombre busstasie

### Jan

Dié brawe oom van Stephanie Rood, was net een van vele bekende familielede wat in Boomstraat gebly het. Waar die dieretuin vandag is, was eens die Rus in Urbe landgoed van Jan Celliers, Stephanie se oupa. Hy was haar ma Hester se pa.

Die drukker Johannes Francois Celliers het sy opleiding in die Paarl ontvang. Op 24-jarige ouderdom het hy 'n joernalis by 'Het Volksblad' geword. Hy is na Pretoria gelok deur president Burgers wat hom gevra het om 'n pro-regeringskoerant - 'De Volkstem' - in Pretoria uit te gee om as teenvoeter vir die Engelse koerante te dien.

Die eerste koerant het op 8 Augustus 1873 die lig gesien en het openlike steun aan die Transvaalse burgers uitgespreek. Die gevolg was dat Jan in 1880 vir 'n maand lank deur die Britse regering gevange gehou is. Generaal Joubert het gereël dat 'n bedrag geld ingesamel word sodat Jan ná sy vrylating weer die koerant kan uitgee.

Dit het hy tot in 1881 gedoen toe hy sy drukkery aan die regering verkoop het om die grondslag vir die staatsdrukkery te vorm. Dieselfde jaar het hy Volksraadslid en sekretaris van die Afrikanerbond geword en hom aan politiek toegewy tot sy dood op 4 Maart 1895.

Jan was die bekende Afrikaanse digter, Johannes Francois Elias, bekend as Jan FE Celliers, se pa. Een van Jan se dogters, Suzanna Wilhelmina (Sannie) Celliers, is op 3 February 1895 vanuit Rus in Urbe met die beeldhouer Anton van Wouw getroud.



Digter Jan FE Celliers (1855-1925)



Gustav Preller

Gustav

Jan het Rus in Urbe in die 1880's aangekoop. Voor hy dit herdoop het, was die plaas

bekend as Klein Schoemansdal, geboorteplek van Gustav Schoeman Preller. Gustav is op 4 Oktober 1875 daar op sy oupa aan moederskant, generaal Stefanus Schoeman, se plaas gebore.

Gustav het net omtrent drie jaar skoolopleiding gehad en het aanvanklik in Pretoria as winkelassistent, toe prokureursklerk en as klerk in die Departement van Mynwese gewerk.

Hy het Dr FV Engelenburg in 1924 opgevolg as redakteur van ‘De Volkstem’, maar het in 1925 bedank om politieke redees en redakteur van ‘Ons Vaderland’ - later ‘Die Vaderland’ - geword. Hy was ook redakteur van ‘Die Brandwag’.

Gustav is met Johanna Pretorius, ’n afstammeling van beide generaal Andries Pretorius, held van Bloedrivier, en die Voortrekkerleier Piet Retief, getroud. Hy is op 7 Oktober 1943 oorlede en sy oorskot is op tradisionele wyse per waentjie na die familiebegraafplaas by Pelindaba vervoer waar hy by die grafte van Marthinus Wessel Pretorius en Deborah Retief begrawe is.